Stella straat

Lukas 24:13-17, 28-32

"Ons oë kan oopgaan"

TUISADORAMUS 26 APRIL 2020

Willem Nicol

Tema *"Ons oë kan oopgaan"*

Liewe Adoramusvriende,

Dit is vandag die derde Sondag waarop ons die opstanding van Jesus vier. Ek nooi jou om tuis alleen, of saam met een of meer wat dieselfde wil doen, tyd opsy te sit om die volgende "Adoramusdiens" in stilte te doen.

Doen eers die tegniese:

- Stel vas hoe jy die twee stukke musiek gaan luister waarna ek verwys. Sorg dat jy goeie klank kan hoor deur oorfone of so iets te gebruik.
- Slaan ook solank lied 420 in jou *Liedboek* na.

1. **LUISTERMUSIEK**: Kom ons begin deur te luister na:

   https://www.youtube.com/watch?v=Uxx13WiuA8s
   Jesus is with us today …

2. **LIEDBOEK:** Lees nou lied 420:1-3 sag of hardop.

3. **GEBED**: Kom ons vra die HERE om vandag met ons te praat deur die heilige woorde wat ons gaan lees.

4. **SKRIFLESING: Lukas 24:13-17, 28-32**
   Op dieselfde dag was twee van hulle op pad na 'n dorpie met die naam Emmaus, twaalf kilometer van Jerusalem af. Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop, maar hulle oë is verhinder om

Hom te herken. Hy vra hulle toe: "Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?" Met somber gesigte gaan hulle staan ...

Toe hulle by die dorpie aankom waarheen hulle op pad was, het Hy gemaak of Hy verder wou gaan. Hulle het egter by Hom aangedring en gesê: "Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby." Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly. Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle.

Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn. Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?"

5. **SKRIFMEDITASIE:**

Jy kan ons maklike manier van Skrifmeditasie vandag volg: Kies vir jou die enkele woord of kort frase wat nou die duidelikste met jou praat en maak dit die rusplek vir jou aandag in die sin dat jou aandag vir 'n tyd telkens daarna terugkeer om weer en weer te luister wat die HERE nou daardeur vir jou wil sê, aan jou wil doen. Daar verskyn baie ander dinge, klein en groot, op die skerm van jou aandag – dis doodnatuurlik en hoef jou nie te pla nie, net solank jy jou aandag telkens saggies kan terugbring na sy rusplek. As jy jou woord uitgeluister het, kan jy 'n volgende een kies as jy wil. Jy kan met die HERE praat oor wat jy ervaar.

6. **GEDIG: Kom ons lees hierdie gediggie van TT Cloete:**

Ywer

glanskewers en struike met bessies
en bye en vlinders en suikerkelkies

voëls en saadgrasse
en vrugdraende gewasse

verwonderd regop
sit ek en hou dop

hoe in 'n klein bestek
God Hom ywerig voltrek

Let op: Hy kyk na 'n klein stukkie natuur en sien God daarin besig. Hy kan dit nie verduidelik of onder woorde bring hoekom hy God sien nie – dis net verwondering, 'n aanvoeling.

7. **LUISTERMUSIEK**: Kom ons luister na die volgende lied:
   https://www.youtube.com/watch?v=qIkU8fWqzxw
   I go to the garden alone …

8. **MY EIE ERVARING:**
   Mag ek hier vertel van my eie ervaring met God-sien op ander plekke as in die Bybel of in die kerk?

   Ek het met studente by Blythedale aan die Noordkus van KZN gekamp. Onbepland kom ek op 'n pamflet van Richard Foster af. Hy skryf dat dit kan gebeur dat 'n mens God in 'n boom sien. Ek dink dis 'n vreemde gedagte. Kort daarna gaan draf ek deur 'n bos langs die dorpie. Aan die anderkant kom ek in 'n oop veld met 'n enkele boom daarop. Onverwags voel ek ek *sien* die boom, meer: die boom *verskyn* aan my en vir my was dit 'n aanvoeling dat die HERE aan my verskyn. Weer eens soos met TT Cloete: Nie iets wat verduidelik kan word nie, want dit lê in die wye, heilige ruimtes anderkant woorde en gedagtes, daar waar baie kunstenaars funksioneer. Dis meer as 'n gedagte wat bewoord kan word – dis 'n intuïtiewe aanvoeling. Nou verstaan ek die volgende: As die Jesuïte-orde die vraag moet beantwoord waarheen die geestelike pad lei, dan sê hulle graag: Jy leer om God in alles te sien.

9. **AKTIEWE MEDITASIE:**

   Nou nooi ek jou om op 'n aktiewe manier gestalte te gee aan jou meditasie oor oë wat oopgaan. Gaan loop in jou tuin of in jou huis, of kyk rond van waar jy nou sit, of eet of drink iets, of luister na iets – en vra jouself af of daar iets is wat jou "sag soos 'n veer" (Sheila Cussons) aanraak met 'n aanvoeling dat jy al die tyd nie alleen is nie.

10. **GEBED:** Sluit af met die volgende gebed:

   Here, my God,
   U was my veilige vesting van verstaan,
   ek het gedink ek ken U en ek weet.
   Waarheen neem U my nou hiervandaan?
   Ek sien voor my 'n oop, bakenlose vlakte.
   Waar is U nou?
   Ek hoor U antwoord: Waar is Ek nié!
   Die hele lewe gaan oop voor my,
   alles gloei bewotewerend.
   Dankie Here vir dié verwondering!
   Ek vra: verskyn tog oral aan my in die week wat voorlê,
   Laat u goedheid en guns my volg al my dae.
   Amen.